**Oordenking**
**4 Januarie 2010**

## God is met ons!

20tien is al 4 dae oud. Hou jou voornemens nog?
'n Belangriker vraag is, of jou geloof sal hou gedurende 'n hele nuwe jaar met al sy uitdagings. As ons tot God bid en Hom getrou dien, sal dit die verskil maak wat ons vanjaar nodig het. God is goed en barmhartig en almagtig en as ons Hom dien, sal dit ons dra, troos en onderhou. Is ons gereed om God, saam met ons families, vir die hele jaar te dien, tot op die laaste dag daarvan?

Nadat ons dit gesê het, moet ons vra of gebed werklik 'n verskil sal maak.

1. Die eerste ding wat ons onthou, is dat God alles uitwerk in ooreenstemming met sy wil. (Ef 1:11). Die belangrikste is dat ek vir die hele jaar sy wil soek vir my hele lewe. (Rom 12:2). God het my vir Homself gemaak en ek vind betekenis en 'n doel vir my bestaan in sy wil vir my lewe vanjaar. (Kol 1:16). Ons moet bid: "Laat u wil geskied, soos in die hemel, netso ook op die aarde…"

2. En dan bevestig die Bybel dat God goed is. Alles wat God geskape het wil Hy ook voor sorg. (Ps 104). En Hy gee nog meer om, vir elkeen wat Hy in Christus as sy kind aangeneem het. (Ef 1:4-5.) As 'n Vader wat lief is vir sy kinders, nooi God ons uit om met al ons behoeftes na Hom toe te kom. En Hy beloof om na ons gebede te luister en elke gebed te antwoord. (Mat 7:7-11). Wanneer jy bid sê: – "Ons Vader wat in die hemel is…"

3. Aan die begin van die jaar moet ons daaraan herinner word **dat niks by God onmoontlik is nie**. (Gen 18:4, Job 42:2). Hy het lemand wat reeds dood was, laat opstaan, Hy maak die storms stil en bring groot en magtige dinge, selfs sterre stelsels, tot stand. God se onmeetbare mag en kennis beteken dat Hy nooit oorweldig word deur die hoeveelhede, detail en mense wat sy aandag vra nie en nooit met die besonderhede van verskillende sake en situasies deurmekaar raak nie. Hy gee sy volle aandag, sorg en beskerming vir elke mens in die hele wêreld. "Want aan U behoort die Koninkryk, die krag, en die heerlikheid…"
**Ons hemelse Vader gee aan elkeen van ons sy onverdeelde aandag.**

Mag jy seën ontvang as jy jou vrae en bekommernis oor 20tien in gebed met God deel. Soek na sy wil vir hierdie jaar, in gebed. Glo dat God goed is. Weet dat God in sy genade, na elke gebed kan en wil luister!